AFRIKAANS EERSTE TAAL HG VR 1 NOVEMBER 2006

VRAAG 1 – LEESBEGRIP

Dié vraag is relatief goed beantwoord omdat leerders kon soeklees. Vrae wat egter vereis het dat stukke nie woordeliks uit die teks oorgeskryf kan word nie bv. 1.4 en 1.6, het probleme opgelewer. Leerders sukkel om antwoorde in VOLSINNE te beantwoord. Hulle verloor punte as gevolg daarvan.

VRAAG 2 – ADVERTENSIE

Baie kandidate weet glad nie wat bedoel word met **teikenmark** nie. Advertensietaal en –tegnieke moet meer onderrig word.

VRAAG 3 – SAMEVATTING

Gee in onderrig veral aandag aan die verskil tussen ‘n stelling en ‘n wenk. Verskillende formate moet ook onderrig word om aan opdragvereistes te voldoen bv. Volsinne, paragrawe, puntsgewys ens.

TAALGEBRUIK IN KONTEKS

VRAAG 4

Daar is ernstige leemtes rondom lydende en bedrywende vorm. Die ontkennende vorm (4.4) het bo verwagting ook probleme opgelewer. Woordeskat bly ‘n probleem.

VRAAG 5

Hierdie vraag is oor die algemeen swakker beantwoord. By die betekenis van premorfeme is dit belangrik dat leerders onderrig word dat slegs die betekenis van die premorfeem gegee moet word en NIE die betekenis van die hele woord nie. (5.8)

VRAAG 6

Leerders het probleme om die visuele teks te interpreteer. Hulle gee verklarings sonder om die konteks van die spotprent in ag te neem. Meervouds- en verkleiningsvorme het probleme opgelewer en die basiese beginsels moet onderrig word.

VRAAG 7

Hierdie vraag is oor die algemeen swak beantwoord veral as gevolg van ‘n gebrek aan woordeskat. Woorde soos **resensent** en **regisseur** is beslis binne die ervaringswêreld van die leerders en behoort nie meer ‘n probleem te wees nie. Soms het kandidate die antwoord geken, maar kon dan nie die woord korrek spel nie.

VRAAG 8

Dié vraag is met ‘n wisselende mate van sukses beantwoord. Kandidate ken in die meeste gevalle nie die verskil in die gebruik van die betreklike voornaamwoorde **wie** en **wat** nie. Die gebruik van leestekens (8.3 en 8.11) moet meer aandag kry.

ALGEMEEN

Kandidate moet onderrig word om opdragte stiptelik uit te voer. Netjiese werk is uiters belangrik – ‘n reël oop tussen antwoorde maak dit soveel makliker vir die nasiener om nie ‘n fout te maak nie en slegs een vraag op ‘n bladsy.

Taal- en spelreëls moet baie aandag kry – veral in die grade voor graad 12.